




Conquesta 2014

(Internasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades - Gev. 1998)
 Conquesta, Posbus 99, Kloof, 3640, Suid-Afrika
 Tel: (031) 764-1972 * Faks: (086) 637-7808 of (031) 764-0074
 E-pos: conquest@iafrica.com * Webtuiste: www.conquestaolympiads.com



Sosiale Wetenskappe – Graad 6

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood deur **SLEGS** 'n **swart of blou balpunt- of swart kokipen** te gebruik. (Moet asseblief nie potlode, kleuroplode, glimpenne, flaterwater of gom gebruik nie.) Byvoorbeeld, as die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood. (Sien voorbeeld 1 hieronder.) Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word (Sien voorbeeld 2 hieronder.)

Voorbeeld 1:- 4. a b d

Voorbeeld 2:- 4. a d


Die ontdekking van nuwe lande

Gedurende die 1900s het ontdekkingsreisigers die Noord- en Suidpool bereik. Hulle het verblindende **sneestorms** en **vriesbrand** trotseer om die poolstreke te verken.

Die noordelike eindpunt word die Noordpool genoem en is geleë by breedteligging 90° noord. Die suidelike eindpunt word die Suidpool genoem en is geleë by breedteligging 90° suid.

Die pole is die ongenaakbaarste omgewings op aarde. By die Noordpool kan plate drywende ys bots en ontdekkingsreisigers vergruis. As die ys verdeel, kan die stukke weg dryf en ontdekkingsreisigers gestrand laat.

Antarktika is die koudste plek op aarde. Temperature val soms tot 75° **Celsius** onder vriespunt en meer. Sterk winde dra by tot die koue. Dwarrelende sneeu kan sig onmoontlik maak. Massiewe **gletsers** bedek 'n groot deel van Antarktika.



1. Die Noordpool lê binne die Noordpoolsirkel. Dit begin by ongeveer
 (a) 45° breedteligging. (b) 50° breedteligging. (c) 65° breedteligging. (d) 90° breedteligging.
2. Die woord 'eindpunt' in hierdie uittreksel beteken
 (a) perk. (b) rand. (c) verste punt. (d) grens.

Pas die woorde in (a) – (d) by vrae 3 – 6.

- (a) sneestorm (b) vriesbrand (c) Celsius (d) gletsers



3. Watter woord verwys na 'n temperatuurskaal?
4. Watter woord verwys na 'n kwaai storm gekenmerk deur uiterste koue, sterk winde en swaar sneeuneerslae?
5. Watter woord verwys na besering aan die vel en soms dieper weefsel van die liggaam as gevolg van bevriesing of die vorming van yskristalle in die weefselselle?
6. Watter woord verwys na 'n opeenhoping van ys, sneeu, water, rots en afsaksel wat onder die invloed van swaartekrag beweeg?

Gedurende die 1800s het ekspedisies per boot of te voet bewys dat ontdekkingsreisigers pooltoestande kon verdra. Hierdie reise was gevaarlik en as gevolg daarvan is die pole nooit bereik nie. Sommige reisigers het gesterf.

Gedurende die 1900s het reisigers van die Inuïete geleer hoe om in die Arktiese gebied te reis. Die Amerikaanse reisiger Robert Peary het etlike reise na Groenland onderneem voordat hy 'n reis na die Noordpool aangedurf het. Hy het 'n skip gebruik wat gebou was om deur die ys te breek.

In 1909 het Peary en sy geselskap dit oor die ys gewaag. Hulle het Inuïetiese klere vir hitte gedra en op sleë gery wat deur honde getrek is. Peary en sy assistent, Matthew Henson, het baie na aan die Noordpool gekom.

Na Peary se reis, het nuwe tegnologie die ontdekkingsreisigers gehelp. In 1926 het Roald Amundsen van Noorweë oor die Noordpool gevlieg. Richard Byrd van die Verenigde State het ook later daardie jaar oor die pool probeer vlieg, maar het dit dalk gemis.

In 1958 het die USS Nautilus, 'n kernaangedrewe duikboot, die eerste ondersese vaart na die Noordpool onderneem. In 1977 was 'n Sowjetskip die eerste om die Noordpool op die water se oppervlak te bereik. Die skip, 'n ysbreker, was spesiaal ontwerp om deur ys te sny in bevrore waters. Teen 1990, het kameras in satelliete die hele poolstreek gefotografeer.

